# ’n Geïntegreerde benadering om huisbraak in ’n mikro-omgewing in Pretoria te ontleed: die kwesbaarheid van wonings

**BASJAN VAN ZYL & RONELLE PRETORIUS**
Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie, Universiteit van Pretoria

## ABSTRACT

***An integrated approach to analyse residential burglary in Pretoria: the vulnerability of houses***
*The vulnerability for residential burglary can be explained through a combination of factors that manifest in the micro-environment. Every burglary event represents a unique setting, which demonstrates the interaction between the burglar, a suitable target and the residents. The macro-environment harbours an unknown quantity of real and potential burglars, who are motivated to commit an offence and who will from time to time engage in a search to locate suitable targets. The need for money and the foreknowledge of potential targets seem to be crucial factors. At the micro- and meso-level, the vulnerability factors centre on the routine activities of the residents, the level of security protection in and around the residence and the accessibility and free movement of strangers in the neighbourhood. Effective prevention of residential burglary can only be realised through an integrated approach to crime prevention, which combines efforts of individual households with those of local communities and law enforcement agencies involved in crime prevention.*

## INLEIDING

Huisbraak is ’n omvangryke probleem in Suid-Afrika en sal waarskynlik voortduur solank as wat groot getalle van die bevolking werkloos is. Werkloosheid in Suid Afrika word so hoog as 40% geraam en daarby moet die gepaardgaande armoede en relatiewe deprivasie ook in aanmerking geneem word. Met ’n gemiddeld van meer as 590 huisbrake per 100 000 van die bevolking per jaar, tussen 1994 en 1999, kan huisbraak as die mees algemene misdaad in Suid-Afrika beskou word (South Africa 2000). Dit is dus begryplik dat slagoffers wil weet waarom hulle wonings die teikens is en wat hulle kan doen om inbrake te voorkom. Die huidige fokus van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) is meer gerig op wetstoepassing as op die voorkoming van misdaad of die beskerming van individuele eiendomme. Met die beperkte personeel en middele tot hulle beskikking sal dit vir die SAPD moeilik wees om aan die verwagtings van gemeenskappe te voldoen ten opsigte van inbrake en roof.

By gebrek aan doeltreffende en volgehoue inisiatiewe vir misdaadvoorkoming op die plaaslike vlak, raak individue al hoe meer bewus van die noodsaaklikheid van selfbeskerming asook die gebruikmaking van privaat sekuriteitsmaatreëls in hul onmiddellike omgewing. Dit is egter so dat hierdie optredes nie altyd goed beplan of pro-aktief van aard is nie, maar kom merendeels neer op reaktiewe strategieë gebaseer op die “instink” van selfbehoud en die daarstel van ’n verskanste gemeenskap (RGN 1997). Die doel van hierdie artikel is dus om ’n geïntegreerde benadering te verskaf wat toegepas kan word in die mikro-omgewing om die kwesbaarheid vir inbrake te verduidelik en om voorkomende maatreëls voor te stel waardeur die veiligheid van wonings verbeter kan word. Hierdie artikel is gebaseer op die resultate van navorsing oor inbrake in Pretoria wat in 1998 plaasgevind het (Van Zyl 2002).

## KONSEPTUELE RAAMWERK

Volgens Taylor, Bryan en Goodrich (1990:130) verskaf konseptuele raamwerke “intellektuele kaarte” vir sosiale navorsing en dra dit by om grense te identifiseer vir sosiale analise; te help met die identifisering van sleutelveranderlikes en rigting te gee aan die navorsingsproses. Die

konseptuele raamwerk word opgesom in tabel 1 en bevat ’n lys van faktore wat gebruik kan word in die bepaling van die kwesbaarheid van ’n spesifieke residensiële gebied vir huisbrake. ’n Onderskeid word getref tussen makro-, meso- en mikrovlakke van die omgewing en die gepaardgaande faktore van kwesbaarheid van elk.

**TABEL 1:** Konseptuele raamwerk: kwesbaarheidsfaktore

| PLEK VAN DIE BEPAALDE WONING | KWESBAARHEIDSFAKTORE |
|---|---|
| **MAKROVLAK**<br>’n Woning in die Pretoria-metropool | Faktore rakende die inbreker<br>Teenwoordigheid van gemotiveerde inbrekers in die makro-omgewing<br>Voorkennis van inbrekers oor moontlike teikens<br>Geskiedenis van inbrake in bepaalde woongebiede |
| **MESOVLAK**<br>’n Woning in die gebied van die polisiestasies van Pretoria-Wes of Garsfontein (areas van die gevallestudie). | Faktore wat met die omgewing verband hou<br>Welgesteldheid van die buurt<br>Bereikbaarheid van die buurt<br>Teenwoordigheid van vreemdelinge<br>Gemaklike beweging van vreemdelinge<br>Onverskilligheid van bure<br>Onvoldoende maatreëls vir sekuriteit in die buurt |
| **MIKROVLAK**<br>’n Woning by ’n bepaalde straatadres | Faktore rakende situasionele toestande<br>Inwoners:<br>Afwesigheid van die huis<br>Snags wanneer inwoners slaap<br>Nalatigheid van die inwoners<br>Enkelhuishoudings<br>Toesig (Surveillance):<br>Onvoldoende toesig<br>Swak sig rondom die woning<br>Fisiese ontwerp:<br>Sigbare tekens van welvaart<br>Faktore wat op maklike toegang dui<br>Sekuriteit:<br>Maklike toegang tot die terrein<br>Onvoldoende sekuriteitshekke by deure<br>Onvoldoende diefwering by vensters<br>Onvoldoende beligting<br>Geen waghond(e)<br>Geen alarmstelsel<br>Nie gekoppel aan ’n gewapende reaksie-eenheid nie |

Die konseptuele raamwerk is ontwikkel vanuit die teoretiese oogpunt van omgewingskriminologie en die geografie van misdaad. Volgens Brantingham en Brantingham (1981:19) neig omgewingskriminoloë om te aanvaar dat sommige persone misdadig gemotiveer is, of ’n geneigdheid tot misdaad het. In plaas daarvan om navorsing op die misdadiger te fokus, verskuif die fokus na die plek van die misdaad - die waar, wanneer en hoe misdaad plaasvind. Die plek van die misdaad, die eienaarskappe van sodanige plekke, die wyses waardeur oortreders en slagoffers in hierdie omgewings bymekaar uitkom; asook mense se persepsies van die plekke waar misdaad plaasvind, is basiese aspekte belangrik vir hierdie navorsing.

By die bestudering van inbraak is die woonplek van die inbreker nie van kritiese belang as ’n veranderlike nie. Die soeke deur die misdadiger na ’n geskikte teiken is egter van groter belang. Rengert (1980:50) argumenteer dat misdadigers in hul oorweging om misdaad te pleeg,

rasioneel kriteria vir hulle misdaad beplan. Volgens Bartnicki (1988:168) moet die terrein van die inbraak nie as ’n posisie of ’n area benader word nie. Dit moet eerder gesien word as ’n milieu met simbole, waardes en inherente gewaarwordinge wat sekere aanduidings bevat wat ’n krimineel laat oorweeg of ’n gegewe plek geskik is vir onwettige optrede, al dan nie.

Volgens Naudé (1988:11) moet die geleenthede vir misdaad in die fisiese omgewing voorkom word, aangesien die uitvoer van ’n misdaad hoofsaaklik toe te skryf is aan rasionele besluite, eerder as aan die gevolg van patologiese, biofisiese, sielkundige of sosiale faktore. Herbert (1983:85) postuleer dat die inbraak ’n interaksie tussen mens en omgewing is. Inbrekers bekom inligting deur ’n proses van kognitiewe beplanning oor hul ruimtelike omgewing wat hulle kan help om ’n toepaslike teiken te identifiseer. Volgens Walmsley en Lewis (1993:18) het die strewe om gedrag op mikrovlak te begryp, naamlik navorsing oor die verband tussen plek en gedrag, eers in die laaste dekade ’n meer sentrale plek binne geografie gekry. Hierdie skrywers meen voorts dat die hernude belangstelling van geograwe in die bestudering van die verband tussen plek en gedrag toegeskryf kan word aan die toenemende bewuswording by beplanners en ontwerpers dat die daarstel van ’n beboude omgewing onlosmaaklik verbind is aan sosiale en gedragsprosesse. Navorsing op mikrovlak is daarom toenemend in aanvraag by beplanners.

Herbert (1982:44) poneer dat daar voordele is wanneer die aandag op die voorkoms van oortredings asook op misdaadvoorkoming gevestig word, eerder as op die oorsake daarvan. Breë kontekste vir navorsing kan nog steeds geïdentifiseer word, met die klem op meer direkte faktore wat met die kriminele daad verband hou. Hierdie outeurs is verder van mening dat sodanige navorsing ’n duideliker fokus op voorkomingstrategieë en op misdaadvoorkomingsbeleid vir kwesbare woonomgewings moet plaas. Verskeie vrae is geformuleer oor die “geografie van oortredings” wat kan dien as riglyne by navorsing oor misdaad:

- Kan stedelike omgewings wat besonder kwesbaar is, geïdentifiseer en geklassifiseer word?
- Watter sleutelelemente dra by tot die kwesbaarheid van stedelike omgewings vir verskillende soorte oortredings?
- Wat is die balans tussen fisiese en sosiale faktore in die toedeling van ruimte met vlakke van kwesbaarheid en wat is die verband tussen hulle?
- Kan die kwaliteite van hierdie areas op ’n meer subjektiewe wyse gekarakteriseer word, beide wat betref die inwoners – die potensiële slagoffers van misdaad vir wie die gevoel van vrees en die kommer oor veiligheid en sekuriteit dalk die belangrikste is – en deur die oortreders, wie se persepsies van hierdie areas belangrik is ten einde hulle gedrag te verstaan (Herbert 1982:53)?

Dit is volgens hierdie denkrigting, bekend as “omgewingskriminologie” of die “geografie van misdaad”, dat die konseptuele raamwerk vir hierdie navorsing ontwikkel is.

## METODOLOGIE

Die kernprobleem wat in hierdie navorsing aangespreek is, was om die volgende vraag te beantwoord: Waarom vind huisbraak plaas by ’n bepaalde plek en op ’n bepaalde tydstip? Die volgende navorsingsvrae is dus geformuleer:

- Watter sleutelelemente en -faktore dra by tot die kwesbaarheid van ’n bepaalde woning?
- Wat kan inwoners en gemeenskappe doen om die risiko te verminder dat hulle die teikens van inbrake word?

Alhoewel die navorsing hoofsaaklik binne die kwalitatiewe navorsingsparadigma ontwerp is, is kwantitatiewe tegnieke ook aangewend. Navorsingsdata is verkry uit primêre (halfgestruktureerde onderhoude) en sekondêre (statistiek en dokumentasie) bronne. Die analisestrategie wat in die navorsing toegepas is, kan as ’n “patroonparingkonstruk” beskryf word waarby die aanvanklike konseptuele raamwerk dien as ’n model waarteen die gekodifiseerde data evalueer word.

Met die klem op die werklike inbraakoptrede in die mikro-omgewing, is besluit om nie ’n opnameprosedure te gebruik nie, maar eerder ’n gevallestudieprosedure. Met dié prosedure kon die navorsers persoonlik die plekke van inbraak bestudeer, onderhoude met die verskillende rolspelers voer en die besonderhede van elke geval ondersoek. ’n Meervoudige gevalle-ontwerp is in hierdie navorsing gebruik as gevolg van die oorvloed van beskikbare gevalle van huisbrake. Die meervoudige gevallestudie moet nie gesien word as dieselfde vir respondente in ’n sosiale opname nie. In plaas van die steekproeflogika van ’n sosiale opname, volg die meervoudige gevallestudie ’n replikasielogika wat dan die graad van ooreenstemming van die resultate tussen die verskillende gevalle bepaal (Yin 1994:47). Elke afsonderlike geval verteenwoordig ’n volledige studie wat eindig waar gevolgtrekkings oor en weer gemaak word tussen die verskillende gevalle, teoriemodifikasie, gevolgtrekkings oor beleidsimplikasies en die finale verslag.

Tydens die veldwerk is elke individuele geval omskryf as ’n inbraakvoorval. Twee gebiede vir gevallestudies is gekies, naamlik dié van die polisiestasies van Pretoria-Wes en Garsfontein. Garsfontein verteenwoordig ’n meer gegoede woonbuurt en Pretoria-Wes ’n minder gegoede woonbuurt. Die individuele gevalle het ook gedien as eenhede vir analise. Die veldwerk, data-insameling en -analise asook die insameling van sekondêre data is gedurende 1998 gedoen.

’n Steekproef van 24 inbraakgevalle is geselekteer, 12 uit elk van die twee gevallestudiegebiede van Pretoria-Wes en Garsfontein. Onderhoude is ook gevoer met agt veroordeelde inbrekers in die Atteridgeville-gevangenis en agt deskundiges met gespesialiseerde kennis oor inbrake, naamlik polisiebeamptes en -woordvoerders, sekuriteits- en versekeringsmaatskappye en gemeenskapspolisieforums.

## BEVINDINGS VAN DIE ONDERSOEK

Die resultate van die navorsing maak dit moontlik om die kwesbaarheid van ’n bepaalde woongebied ooreenkomstig die volgende faktore te verklaar:

### Makro-omgewing

*Die motivering van inbrekers se optrede*

Inbrekers word hoofsaaklik gemotiveer deur ’n werklike of gewaande behoefte aan geld (Repetto 1974:21; Bennett & Wright 1984:31; Wright & Decker 1994:40). Die veroordeelde inbrekers met wie onderhoude in hierdie navorsing gevoer is, bevestig die verwagting dat geld die hoof dryfveer was vir hulle gedrag. Sewe van die agt inbrekers het aangetoon dat hulle werkloos was en geld nodig gehad het. Vier inbrekers het ook verwys na die invloed van vriende as ’n rede vir hul betrokkenheid by inbrake en drie het aangetoon dat hulle inbraak as ’n lonende beroep beskou.

Die inbrekers het ook min berou of skuldgevoelens getoon oor die ongerief en trauma wat hulle vir hul slagoffers veroorsaak het. Hulle het gerasionaliseer dat die misdaad nie teen die inwoners gerig is nie en dat dit vir hulle noodsaaklik is om in te breek om te kan oorleef en hul afhanklikes te kan onderhou. Voorts reken hulle dat die “rykes” by hulle versekeringsmaatskappye kan eis en so maklik hul verliese kan vergoed. Onder heersende sosio-ekonomiese toestande van grootskaalse werkloosheid kan dus afgelei word dat daar tans ’n groot aantal gemotiveerde inbrekers in die makro-omgewing is wat op die uitkyk na geleenthede is om in te breek.

*Keuse van 'n geskikte teiken*

'n Gemotiveerde inbreker sou neig om vir 'n geskikte teiken in daardie woonbuurtes te soek wat hy die beste ken. Wanneer hy oor bepaalde kennis van 'n besondere teiken en die inwoners beskik, of wanneer hy inligting van 'n informant ontvang dat daardie teiken kwesbaar is, sal hy tot aksie oorgaan.

Ses van die agt inbrekers in hierdie navorsing het verduidelik dat hulle 'n beplande roetine gevolg het om meer inligting in te win en om moontlike teikens te identifiseer teenoor twee wat verduidelik het dat hulle meer opportunisties opgetree het om 'n geskikte teiken te kies. Alhoewel die "beplanners" onder die inbrekers hul *modus operandi* in meer besonderhede kon verduidelik, was beide kategorieë inbrekers in staat om hul *modus operandi* vir die identifisering van geskikte teikens te beskryf. Dit steun die verwagting dat inbrekers neig om 'n sekere patroon te volg in die keuse van 'n geskikte teiken.

**Meso-omgewing**

*Die welvarendheid van woonbuurtes*

Die navorsing van Walmsley en Lewis (1993:54) toon 'n duidelike verband tussen middel- en hoërinkomste voorstedelike woonbuurtes en misdade soos inbrake, diefstal en die steel van voertuie, terwyl laerinkomste woonbuurtes geassosieer word met geweldsmisdade.

Die bevinding dui ook op 'n positiewe verband tussen die gemiddelde waardes van die persele (as aanduiding van welvarendheid) in die verskillende polisiestasie-areas van die Stadsraad van Pretoria en die aantal huisbrake aangemeld in daardie gebiede. Die Garsfonteinse polisiegebied, wat 'n meer gegoede omgewing verteenwoordig, is uitgesonder as dié een met die meeste huisbrake in die Groter Pretoria metropolitaanse gebied. Mindergegoede areas, soos Pretoria-Wes het ook hoë vlakke van huisbrake gerapporteer, maar dit was noemenswaardig laer as in die ooste van Pretoria. Vroeëre swart woonareas, soos Mamelodi, het meer geweldsmisdade as inbrake gehad.

*Toeganklikheid van woonbuurtes*

'n Woning in 'n buurt met maklike toegangspaaie mag dalk meer kwesbaar vir huisbraak wees as 'n woning in 'n buurt wat beperkte toegangspaaie het. Goeie toegangsroetes gee inbrekers die geleentheid van maklike toegang tot 'n teiken en 'n maklike manier om weer te ontsnap. Wonings aangrensend aan of naby oop terreine, groensones, riviere of parke kan tot hul kwesbaarheid bydra want dit bied aan die inbrekers die geleentheid vir vryer beweging en dat hulle nie so opsigtelik is nie. Sulke areas bied nie slegs skuiling aan die inbrekers nie, maar is ook plekke waar gesteelde goed voorlopig versteek kan word. In beide die studiegebiede kon potensiële inbrekers maklik toegang verkry, vrylik rondbeweeg en die teenwoordigheid van vreemdelinge in beide gebiede was 'n alledaagse verskynsel. Geen beperking is geplaas op die beweging van mense en voertuie op openbare paaie en in openbare plekke nie. Verder was die oop areas, parke en oopsones langs strome en hoofweë 'n algemene kenmerk in die navorsingsgebiede.

Tydens die navorsing in 1998 het die beperking van beweging deur "sekuriteitsdorpe" of "ingeslote sekuriteitsbuurtes" nie in Garsfontein en Pretoria-Wes bestaan nie, alhoewel afsluiting van buurte in sommige areas in die beplanningsfase was. Daar was wel sekuriteitsheinings en toegangskontrole by meer woonkomplekse in Garsfontein as in Pretoria-Wes. Indien 'n mens egter

die hele navorsingsgebied in ag neem, was die impak daarvan op die vrye beweging van mense minimaal.

*Teenwoordigheid en vrye beweging van vreemdelinge*

Woonbuurtes waarin die vrye beweging van mense en voertuie moontlik is, kan daartoe bydra dat sulke gebiede meer kwesbaar is as die sogenaamde sekuriteitsdorpe of -landgoed (estates) waar privaat huiseienaars die reg van toegang en beweging van mense beheer. Op hierdie manier kan voornemende inbrekers verhoed word om ’n beheerde woonarea binne te gaan.

Terugvoer van die persone met wie onderhoude gevoer is, het getoon dat die teenwoordigheid van vreemdelinge wat nie in die gebiede gewoon het nie, algemeen in beide die studiegebiede was. Dit kan toegeskryf word aan faktore soos maklike toegang asook aktiwiteite soos die soeke na werk, bedelary, welsynswerk en die verkoop van snuisterye deur straatventers. Vreemdelinge is ook geneig om by winkelsentra in woongebiede te vergader. Ten minste 17 sulke sentra kon in die studiegebied in Garsfontein geïdentifiseer word teenoor die drie in Pretoria-Wes. Nuwe bouwerk het ook vreemdelinge na die omgewings van die gevallestudie gelok. Die SAPD van Pretoria-Wes het ook gerapporteer dat vreemdelinge meermale in die gebied onwettige migrante uit ander Afrikalande was.

**Mikro-omgewing**

Die situasionele toestand verwys na die plaaslike situasie in die mikro-omgewing voor die inbraak. Hoe meer gunstig die situasie vir inbrekers voorkom, hoe groter die kans dat hulle met die inbraak sal voortgaan.

*Aktiwiteite van inwoners*

In hul daaglikse roetine en gewoontes is die gedrag van inwoners soms van so ’n aard dat dit hulle aan risiko blootstel. Indien inwoners op gereelde tye weg van die huis is, of dit vir werk, ontspanning of ander redes is, verhoog die kanse van inbrake tydens hul afwesigheid. Die tradisionele opvatting is dat inbrekers verkies om nie gesien te word nie en om nie fisiese kontak met die inwoners tydens die inbraak te maak nie.

Dit het geblyk dat in 16 van die 24 gevalle van inbraak, die inwoners tydens die inbraak nie tuis was nie. In Garsfontein was die inwoners in tien van die 12 gevalle nie tuis nie, terwyl dit die geval in ses van die 12 gevalle in Pretoria-Wes was. In agt van die 24 gevalle het die inbrake in die nag plaasgevind terwyl die inwoners tuis en aan die slaap was. Hieruit blyk dit dat wonings eerder vir inbrake geteiken word wanneer die inwoners uithuisig is, of in die nag wanneer hulle slaap.

*Agterlosigheid*

Inwoners kan ook onkundig wees aangesien hulle nog nie slagoffers van inbraak was nie en het dus ’n vals gevoel van sekuriteit. As gevolg hiervan kan hulle agterlosig wees en byvoorbeeld ’n venster ooplos of nalaat om deure te sluit. Ten opsigte van moontlike agterlosigheid, is vasgestel dat in ses van die 24 gevalle daar tekens van nalatigheid was. Verder het die navorsing getoon dat inwoners nie opsetlik agterlosig is nie, maar dat hulle onbewustelik moontlike geleenthede geskep het vir inbrake. Roetine-aktiwiteite en onvoldoende veiligheids- en voorsorgmaatreëls kan daartoe lei dat huishoudings vir inbrake geteiken word.

*Toesighouding en sigbaarheid*

Inbrekers neig om weg te bly van wonings waar daar toesighouding is, of waar daar goeie sigbaarheid en die moontlikheid bestaan om raakgesien en moontlik gearresteer te word. Formele toesighouding is ’n doelgerigte optrede in ’n buurt, byvoorbeeld deur buurtwagte, burgerlike of polisiepatrollies en die teenwoordigheid van sekuriteitsfirmas, terwyl informele of natuurlike toesighouding verwys na die bewus wees van misdaad deur inwoners, motoriste en voetgangers asook goeie buurskap. Die lewenspatrone en roetine-aktiwiteite van die inwoners en hulle bure kan ook die vlakke van toesighouding in ’n bepaalde gebied beïnvloed. Roetine-aktiwiteite wat ’n woning gereeld onbewaak laat, tesame met lae toesighouding, kan die kwesbaarheid van die woning verhoog.

Twee tydperke waartydens die wonings in Garsfontein aan die grootste risiko’s blootgestel was, kon vasgestel word, naamlik tussen middernag en 06:00 (vyf van die gevalle van inbraak) en tussen 06:00 en twaalfuur smiddags (vier van die inbrake). In Pretoria-Wes was die risikoperiode slegs tussen middernag en 06:00 met tien van die inbrake. Hierdie risikoperiodes van inbrake het ooreengestem met die tye van die nag en dag wanneer die meeste van die inwoners óf geslaap het óf by die werk was, terwyl die kinders (indien enige) by die skool of by ’n dagsorgsentrum was. Gedurende hierdie periodes was informele toesighouding in die buurtes op die laagste vlak as gevolg van verminderde buitebedrywighede of beweging van mense.

*Ontwerpsaspekte van die moontlike teiken*

Die aanloklikheid van ’n moontlike teiken hang af van aanduidings uit die omgewing en die direkte eienaarskappe van die teiken soos die inbreker dit waarneem. Die inbreker sal let op aspekte van ontwerp wat inpas by sy omskrywing van ’n “goeie” teiken. Dit sou dan ontwerpsaspekte van die gebou kon insluit wat maklike toegang sowel as uitgang verleen, byvoorbeeld verskuilde ingange en vensters wat maklik oopgemaak kan word. Vir die inbreker is ’n aanloklike teiken een waar die verwagte beloning groter is as die risiko om betrap te word.

Die resultate van hierdie navorsing het getoon dat woongebiede wat ’n beeld van groter welvarendheid projekteer, soos in die geval van Garsfontein, meer gereeld die teiken van inbraak was as woongebiede wat ’n beeld van minder welvarendheid geprojekteer het, soos in die geval van Pretoria-Wes. Deur hul kennis van die omgewing weet inbrekers dat die items waarin hulle belangstel meer waarskynlik in wonings in die oostelike voorstede van Pretoria te kry is. Die mees algemene wyse om toegang te verkry, was deur skuifdeure en dan vensters, verkieslik aan die agter- of die sykante van wonings.

*Sekuriteitsbeskerming*

By gebrek aan sigbare sekuriteitsmaatreëls kan ’n woning as ’n redelik maklike teiken geag word en dus meer kwesbaar wees vir inbrake as wonings wat goed beskerm is met ’n reeks van sekuriteitsmaatreëls. Sulke maatreëls sluit in alle maniere wat gebruik kan word om die woning en die inwoners te beskerm, byvoorbeeld: toegangsbeheer, heinings met skerp penne, geëlektrifiseerde heinings, telefoniese toegangsbeheer, diefalarms, diefwering by vensters en deure, slotte, sekuriteitswagte, gewapende reaksie-eenhede, sekuriteitsligte en honde.

Dit het geblyk dat die wonings in Garsfontein in ’n geringe mate beter beskerm was deur sekuriteitsmaatreëls as dié in Pretoria-Wes. Alarmstelsels en ’n verbinding met gewapende reaksie-eenhede is slegs in Garsfontein aangetref, maar tot ’n beperkte mate. Die meerderheid van die wonings het volgens ons oordeel relatief maklike toegang aan inbrekers gebied as gevolg van onvoldoende sekuriteitsmaatreëls.

Geeneen van die inbrekers met wie daar ’n onderhoud gevoer is, was werklik ontsteld oor enige van die sekuriteitsmaatreëls nie. Hulle was van mening dat die meeste sekuriteitsmaatreëls oorkom kan word indien ander faktore soos die afwesigheid van toesighoudende persone gunstig was. Die doeltreffendheid van die sekuriteitsmaatreëls moet daarom ook evalueer word, want dit kan proporsioneel toeneem as ’n kombinasie van maatreëls gelyktydig gebruik word. Hoe meer hindernisse daar in die weg van die inbreker is, hoe groter die moontlikheid dat hy sy poging om daar in te breek, sal laat vaar. Ander faktore soos die tyd van die dag, of daar mense in die woning is of nie, en die kwaliteit van die sekuriteitstoestelle speel ’n rol in die finale besluit om in te breek. Twee en twintig van die respondente het aangedui dat hulle na die inbraak nuwe maatreëls aangebring het om die sekuriteit van hul persele te verbeter. Daar was egter ’n groot verskil in die aard van hierdie maatreëls tussen die twee navorsingsgebiede van Pretoria-Wes en Garsfontein. In die Garsfonteingebied, waar die inwoners oor die algemeen meer welvarend was en assuransiedekking gehad het, was die neiging om sekuriteit te verbeter deur die installering van alarmstelsels en gebruik te maak van gewapende reaksie-eenhede. In Pretoria-Wes is gepoog om sekuriteit te verbeter deur fisiese maatreëls wat die opgradering van bestaande diefwering by vensters, sekuriteitshekke by voor- en agterdeure, die installering van sekuriteitsligte, en die aanskaf van ’n hond, asook om goeie verhoudings met die bure te ontwikkel.


Dit het egter duidelik uit die onderhoude met die veroordeelde inbrekers geblyk dat inbrekers voortdurend aanpas by veranderende omstandighede. Hulle sal hul bedrewenheid verbeter en van een teikenarea na ’n ander verskuif indien ’n vorige een te riskant word, of hulle sal die tyd van optrede verander, byvoorbeeld van die nag na die dag.

Deur die toepassing van die konseptuele raamwerk en die navorsingsresultate was dit moontlik om ’n geïntegreerde benadering saam te stel om ’n beter begrip van die inbraakproses te verkry. Die benadering is gebaseer op die integrasie van vier komponente van die inbraakproses, naamlik die **omgewing** (met verwysing na die makro-, meso en mikro-omgewings) waarin die inbraak plaasvind; die **situasionele omstandighede** wat bestaan het net voordat die inbraak gepleeg is; die **inbraakgeval,** en die **reaksies** van beide die inwoners en die inbrekers wat by die inbraakgeval betrokke was. Drie pertinente tydsgleuwe kan in die inbraakproses geïdentifiseer word, naamlik die omstandighede wat bestaan het voordat die inbraak plaasgevind het, die tyd van die inbraak en gebeure nadat die inbraak plaasgevind het. Binne die konteks van hierdie komponente is daar **drie** hoofelemente betrokke by die inbraakproses, naamlik die **inbreker**(s) wat gemotiveerd is om in te breek, ’n gepaste **teiken/woning** en die **inwoner**(s) as slagoffer(s) van die inbraak. Hierdie komponente en elemente is dinamiese eenhede met differensiële eienskappe en moontlike manifestasies wat op so ’n wyse op mekaar reageer en wat tot ’n inbraak lei.

Teen hierdie agtergrond word ’n geïntegreerde benadering vir die voorkoming van huisbrake voorgestel, naamlik dat die voorkomende inisiatiewe op die hoofelemente van die inbraakproses gerig is. Dit sluit in die inbreker, die inwoners en die situasionele omstandighede, en die aanname dat die implementering van voorkomende inisiatiewe op die makro-, meso- en mikrovlakke mekaar sal aanvul. ’n Geïntegreerde benadering impliseer voorts optrede tussen verskillende bemiddelaars betrokke by die voorkoming van misdaad om sodoende ’n spanpoging aan te wend wat die verskillende aspekte van misdaadvoorkoming aanspreek.

’n Geïntegreerde benadering vir die voorkoming van inbrake word verduidelik deur middel van die volgende vlakke van voorkomingsinisiatiewe:

- Makrovlak
- Mesovlak
- Mikrovlak




**Figuur 1:** ’n Geïntegreerde benadering tot huisbraakvoorkoming

**Inisiatiewe vir misdaadvoorkoming op makrovlak**

Op die makrovlak moet die primêre fokus van die voorkoming van misdaad gerig wees op die regstelling van kriminogeniese toestande in die breër gemeenskap wat betrokke is by die basiese oorsake van misdadigergedrag, en ook om strafregpleging te bevorder. Sukses is dus hoofsaaklik afhanklik van die vermoë en doeltreffendheid van die strafregstelsel (insluitend die polisiediens) om inbrekers te arresteer, te vervolg en skuldig te bevind en om verdere maatreëls te implementeer wat gerig is op die rehabilitering van veroordeelde inbrekers.

Voorkomingsinisiatiewe op hierdie vlak word ondervang in die beleid en strategieë geformuleer deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regerings se wetgewende magte. Benewens die element van wetstoepassing is die deelname en betrokkenheid van ander welsynsdepartemente, asook die privaat sektor, onontbeerlik vir die suksesvolle implementering van sosiale voorkomingsprogramme.

Inisiatiewe op die makrovlak moet daarom die beleidsraamwerk skep waardeur die strukture op die laer funksionele vlakke bemagtig kan word om effektiewe misdaadvoorkomende inisiatiewe te kan loods. In die Suid-Afrikaanse konteks dien die Nasionale

Misdaadsvoorkomingstrategie van 1996, die Witskrif oor Veiligheid en Sekuriteit van 1998 en die strategiese en operasionele planne van die Suid-Afrikaanse Polisiediens op nasionale, provinsiale en areavlakke, as voorbeelde van beleid en programme vir die voorkoming van misdaad op die makrovlak.

**Inisiatiewe vir misdaadvoorkoming op mesovlak**

Waar die fokus op die makrovlak gerig is op beleid en strategieë, is die mesovlak die funksionele vlak waar die bemiddelaars vir misdaadvoorkoming verantwoordelikheid aanvaar vir die implementering van daardie beleidsformulerings en strategieë. In hierdie navorsing verteenwoordig die gebiede van die twee polisiestasies en die gemeenskapsinisiatiewe die mesovlak van misdaadvoorkoming. Die SAPD-gebied vir Pretoria is byvoorbeeld opgedeel in 28 polisiestasiegebiede en elkeen bestaan uit ’n aantal buurte of voorstedelike areas. Op die mesovlak kan betekenisvolle vennootskappe tussen offisiële strukture, die privaat sektor en gemeenskappe gesluit word. Multi-bemiddelaarsbeplanning op munisipale en plaaslike vlakke moet daarop gerig wees om bepaalde programme of optredes in die gemeenskappe te fasiliteer en daardeur ’n spesifieke misdaadprobleem aan te spreek. Sigbare gemeenskapspolisiëring en gemeenskapsaksies wat ingestel is op observasie, monitering en die beheer van beweging van potensiële inbrekers, kan ook bydra tot ’n gevoel van veiligheid by die inwoners. In die Suid-Afrikaanse konteks word die vestiging van inisiatiewe vir gemeenskapspolisiëring, gemeenskapspolisieforums, buurtwagte en projekte van Business Against Crime gesien as mesovlakinisiatiewe. ’n Ander voorbeeld is die toenemende neiging om woonbuurtes af te sluit of die skep van “sekuriteitsdorpe” (Landman 2000:20).

**Inisiatiewe vir misdaadvoorkoming op mikrovlak**

Op mikrovlak sal inisiatiewe vir die voorkoming van inbrake gerig wees op die uitskakeling van geleenthede vir inbraak deur die toepassing van situasionele maatreëls vir misdaadvoorkoming. Deur die implementering van sulke maatreëls mag inbrekers dit al hoe moeiliker vind om toegang tot persele te verkry en dit mag hulle daarvan weerhou om in te breek. Hoe meer sekuriteits- of veiligheidsmaatreëls toegepas word, hoe groter is die kans dat inwoners veiliger sal voel in hul onmiddellike omgewing, en hoe groter is die kans dat in die geval van ’n inbraak, die skade minder sal wees. In die Suid-Afrikaanse konteks het privaat sekuriteitsmaatskappye ’n belangrike rolspeler geword in die beveiliging van individuele wonings. Verharding van teikens, verbeterde persoonlike sekuriteit, goeie buurverhoudings en die daarstel van buurtwagte kan byvoorbeeld gesien word as mikrovlakvoorkomingsinisiatiewe. Op hierdie vlak is misdaadvoorkoming hoofsaaklik gebaseer op privaat inisiatief wat koste-implikasies vir die betrokkenes inhou. In woongebiede waar individuele pogings om sekuriteit te verbeter, ingeskakel is by inisiatiewe vir misdaadvoorkoming van die plaaslike polisie en die gemeenskap, sal daar ’n groter geleentheid vir sukses wees as in gevalle waar die inisiatiewe vir misdaadvoorkoming individueel toegepas word.

## SLOTSOM

Met hierdie navorsing was dit moontlik om faktore wat bydra tot die kwesbaarheid van ’n bepaalde woning wat geteiken vir inbraak was, te identifiseer en te verduidelik. Die resultate suggereer voorts dat die volgende faktore uitgesonder kan word as belangrike veranderlikes om die kwesbaarheid van ’n potensiële teiken te bepaal:

- Die afwesigheid van huismense en periodes van lae aktiwiteit, byvoorbeeld in die middel van die nag.
- Die afwesigheid van goeie toesighouding (formeel en natuurlik), insluitend goeie sigbaarheid.
- Die teenwoordigheid en vrye beweging van vreemdelinge in die buurt.
- Onvoldoende sekuriteitsmaatreëls in en om die woning.
- Indien die woning nie gekoppel is met 'n gewapende reaksie-eenheid nie.

Gebaseer op die resultate van hierdie navorsing word geargumenteer dat die doelmatige voorkoming van huisbrake slegs verwesenlik kan word deur 'n geïntegreerde benadering tot misdaadvoorkoming, wat die samewerking van individuele huishoudings kombineer met dié van plaaslike gemeenskappe en wetstoepassingsliggame betrokke by misdaadvoorkoming. Op die makrovlak moet die programme en inisiatiewe vir die voorkoming van misdaad op die misdadiger gerig wees. Dit moet misdadige optrede verhoed of ontmoedig deur die implementering van afskrikmaatreëls en om die toestande te verander waardeur kriminele gedrag veroorsaak word. Op meso- en mikrovlakke moet die aandag hoofsaaklik gerig wees op situasionele misdaadvoorkoming, en dit sluit in die betrokkenheid van die gemeenskap en samewerking van die inwoners tesame met die plaaslike polisie en privaat sekuriteitsorganisasies om die geleenthede vir huisbraak in 'n bepaalde gebied te verminder.

## BIBLIOGRAFIE


Bartnicki, S. 1988. The geography of crime: An introduction. In Otok, S. (ed.). *Research approach to social geography*. University of Warsaw, pp. 159-172.

Bennett, T. & Wright R. 1984. *Burglars on burglary*: *Prevention and the offender*. Brookfield, VT, USA: Gower.

Brantingham, P.J. & Brantingham, P.L. 1981. Introduction: the dimensions of crime. In Brantingham, P.J. & Brantingham, P.L. (eds.). *Environmental criminology*. Beverly Hills: Sage, pp. 7-26.

Herbert, D.T. 1982. *The geography of urban crime*. New York: Longman.

Herbert, D.T. 1983. Crime and delinquency. In Pacione, M. (ed.). *Progress in urban geography*. Ottawa: Barnes & Noble Books, pp. 75-102.

Landman, K. 2000. *An overview of closed neighbourhoods in South Africa*. Pretoria: CSIR (Section Building Technology).

Naudé, C.M.B. 1988. Approaches to crime prevention. In Naudé, C.M.B., Stevens, R. (eds.). *Crime prevention strategies*, Pretoria: HAUM, pp. 1-30.

Rengert, G. 1980. Spatial aspects of criminal behavior. In Georges-Abeyie. D.E. & Harries, K.D. (eds.). *Crime: a spatial perspective*. New York: Columbia University Press, pp. 47-57.

Reppetto, T.A. 1974. *Residential crime*. Cambridge: Ballinger.

RGN 1997. National Survey: attitudes to national issues in South Africa. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

South Africa. 1998. *White Paper on Safety and Security*. Department of Safety and Security, Pretoria. http:/www.saps.org.za [2 February 2001.

South Africa. 1990. *SAPS Monthly Bulletin on Reported Crime in South Africa, 1*/2000. Pretoria: South African Police Service.

Taylor, C.N., Bryan, C.H. & Goodrich, C.G. 1990. *Social assessment*: *Theory, process and techniques.* Centre for Resource Management, Lincoln University.

Van Zyl, G.S. 2002. Residential burglary in South Africa: a geographical perspective. Unpublished doctoral thesis, University of Pretoria.

Walmsley, D.J. & Lewis, G.J. 1993. *People and environment*: *Behavioral approaches in human geography*. 2nd edition. New York: Wiley.

Wright, R.T. & Decker, S.H. 1994. *Burglars on the job*: *street life and residential break-ins*. Boston: North-Eastern University Press.

Yin, R.K. 1994. *Case study research*: *design and methods*. 2nd edition. Thousand Oaks: Sage.